Hortgro Transformasie Toekenning:

Oorhandig deur: Angelo Petersen

In 2001 loods die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf doelwitte in die transformasie sfeer om ekonomiese en sosio-ekonomiese ontwikkeling in die vrugte bedryf aan te spreek en om nuwe toetreders so spoedig moontlik in hoofstroom ekonomie te integreer en deel te maak van die groter bedryf.

Transformasie in die konteks van 'n langtermyn kapitaal en bestuursintensiewe bedryf is nie 'n gebeurtenis nie, maar 'n proses wat vennootskappe verg met rolspelers wat dieselfde doelwitte nastreef.

Hierdie vennootskappe skep 'n platform waarbinne ekonomiese ontwikkeling prioritieit geniet en sekere inisiatiewe versnel kan word om 'n betekenisvolle impak te kan maak. In hierdie verband het die bedryf reeds in 2009 'n vennootskap met die Wes-Kaapse Departement van Landbou gesluit in terme van die finansiering, ondersteuning aan produsente en die loods van die Boompie Projek (2009 tot 2016).

Met die ondersteuning en samewerking van die Wes-Kaapse Departement van Landbou word die grondslag vir die volgende suksesse gelê:
449 hektare aangeplant waarvan 367 hektaar in de Wes-Kaap gevestig was.

69 plaas entiteite word ondersteun Nasionaal en 50 plase in die Wes-Kaap
Altesaam 669 werksgeleenthede is geskep
Die totale belegging van die privaat sektor, bedryf en WKDL beloop R90 m met'n beraamde waarde van R4.3 miljard wat ontsluit word oor die leeftyd van die boorde.

Gedurende 2011 word die vennootskap en samewerking met die WKDL geformaliseer met 'n kommoditeitsbenadering. Die verhouding met die WKDL

is verder gesement met die inisiëring van die kommersialiseringsprogram (alom bekend as JF1) – tussen die bedryf, WKDL asook die Jobs Fund wat ten doel gehad het om 'n meer omvattende ondersteuningsprogram te bied aan 100% swart besitte vrugte ondernemings.

Die kommersialiseringsprogram het nie net gefokus op die vestiging van nuwe boorde nie, maar het 'n holistiese benadering gevolg om die entiteite te kommersialiseer deur kritiese infrastruktuur (damme), en ander sleutel tekortkominge soos markvereistes, koelkamers, verpakking en bemarking asook tegniese en bestuurs-ondersteuning aan te spreek.

Die vierjaar-projek word in 2016 geimplementeer.
Mylpale sluit in:
310 hektaar aangeplant
21 plaasentiteite word ondersteun (18 entiteite in die Wes-Kaap) waarvan 10 ten volle gekommersieel is
1667 nuwe werksgeleenthede word geskep
542 begunstigdes ontvang opleiding
R136.9 m word geinvesteer met 'n geskatte R3 miljard inkomste oor boord leeftyd.

Hierdie is slegs enkele voorbeelde van die waarde van die bedryf se venootskap met die WKDL. Verder tree die bedryf ook as implementeringsagent op as deel van die kommoditeitsbenadering om swart ekonomiese bemagtiging deur die waardeketting te bevorder.

Sedert 2011 het die bedryf in samewerking met die WKDL reeds R325.m belê in ekonomiese ontwikkeling. 60% van die fondse gaan aan volslae swart bemagtiging, terwyl 40% gaan aan gedeelde ekwiteit. Suksesse sluit in armoede verligting deur middel van werkskepping wat bydrae tot

voedselsekuriteit, verhoogde produksie en uitvoere en langtermyn volhoubare ekonomiese ontwikkeling.

Die unieke vennootskap tussen Hortgro en die WKDL word ‘n suksesresep vir soortgelyke inisiatiewe in ander provinsies, asook ‘n model waarvolgens ander bedrywe se fondse geadministreer word.

Sonder hierdie vennootskap sou die bedryf nie die volgende transformasiemylpale kon bereik nie:
R444.5m bedryfsfondse gaan aan transformasie
3125 nuwe werksgeleenthede word geskep
844 nuwe hektare word aangeplant
90% sukses behaal met projekte
R8.015 miljard is die waarde van die nuwe boordaanplantings
85% van bedryfstransformasie fondse word aan ekonomiese ontwikkeling geallokeer

Met hierdie toekenning wil Hortgro graag erkenning gee aan die Wes-Kaap Departement Landbou vir hulle toewyding en ondersteuning om transformasie in die sagtevrugtebedryf ’n werklikheid te maak.

Die Departement was deur dik en dun ’n betroubare en stabiele vennoot. Hortgro sien daarna uit om in die toekoms hande te vat en Landbou transformasie ‘n werklikheid te maak vir opkomende produsente in die sagtevrugtebedryf.